Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Verwysing: 20171025-6199
11/1/1/1/231
Navrae: I Dout

eLeerminuut: DEL 0003/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van alle openbare skole

Onderwerp: Digitale hulpbronne op die "WCED ePortal"

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) stel 'n reeks digitale hulpbronne op die "WCED ePortal" bekend. Toegang tot hierdie hulpbronne kan via **http://www.wcedeportal.co.za** verkry word.

2. 'n Verskeidenheid gratis hulpbronne bestaande uit videogrepe, oudiogrepe, digitale dokumente, lesse en lesplanne is beskikbaar vir die hele skoolgemeenskap, enige tyd en van enige plek af.

3. Die nuwe vereenvoudigde koppelvlak van die "WCED ePortal" vereenvoudig die proses om toegang tot materiaal volgens graad, vak en onderwerp te verkry.

4. Onderwysers kan toegang verkry tot materiaal wat met lesbeplanning kan help.

5. Leerders kan toegang verkry tot materiaal wat hulle kan help om die gedeeltes van die kurrikulum waarmee hulle sukkel te verstaan.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers, leerders en die res van die skoolgemeenskap.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-11-10

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2270 Faks: +27 21 467 2258
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za